FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

TAALIMPLEMENTERINGSPLAN [TIP] 2021

11 September 2020 (Opgedateer 23 April 2021)

---

1. Inleiding

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch het op 22 Junie 2016 'n nuwe taalbeleid aangeneem, waarvan die kern soos volg opgesom kan word:

> *Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing. Die Taalbeleid beoog om uitvoering te gee aan artikel 29 (2) van die Grondwet wat betref taalgebruik in sy akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die beleid beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei en om pedagogies verantwoordbare onderrig en leer te fasiliteer. Aangesien ons kampusse in die Wes-Kaap geleë is, verbind ons onsself tot meertaligheid deur die provinsie se drie amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa te gebruik.*

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) se taalplan is daarom gemik om die taalbeleid van 22 Junie 2016 te implementeer in die konteks van 'n groot fakulteit met 'n wye verskeidenheid voor- en nagraadse programme. Dit bou voort op die beduidende evolusie van die Fakulteit se taalaanbod die afgelope vyf jaar ten einde toegang te verbreed en steeds 'n veeltalige aanbod te handhaaf.

Vir die doel van die TIP 2020 is departementele voorsitters versoek om insette te lewer (met inagneming van die TIP-terugvoering wat hul in 2019 ontvang het, beskikbaarheid van personeel en werkstoewysing vir 2020). Die terugvoer is in hierdie verslag saamgevat.

2. Doelwitte van die TIP en veeltaligheid

Die beginsel van die TIP is om 'n bydrae tot US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 te maak. In die lig van die Fakulteit se leergerigte benadering tot onderrig en leer, moet die taalplan aan die behoeftes en taalvoorkeure van ons studente voldoen. Deur voldoening fasiliteer die TIP die verwesenliking van die kern- strategiese temas van veral (1) 'n transformerende studente-ervaring en (2) netwerkvormende en samewerkende onderrig en leer.

Hoewel die TIP die onderrigtaal van formele lesings spesifiseer, is hierdie lesings slegs 'n komponent van die leerdergerigte benadering tot leer en onderrig. Die Fakulteit gebruik etlike aanvullende en gefasiliteerde leergeleenthede bo en behalwe formele lesings, bv. 'n wye reeks tutoriale en mentorskapgeleenthede word in Afrikaans en Engels en/of dubbelmedium aangebied ooreenkomstig

studente se voorkeurtaal. Behalwe die gefasiliteerde leergeleenthede, het sommige modules doelbewus ten gunste van die gebruik van dubbelmedium in klasse besluit ten einde pedagogiese doelwitte te bereik (bv. uiteenlopende uitgangspunte wat veeltaligheid kan help ontwikkel).

Die impak van nood- afstandsonderrig op veeltaligheid gedurende die pandemie kan nie geïgnoreer word nie. Soos aangedui in die semesterverslag, is die meeste addisionele leermateriaal slegs in Engels voorberei met verdere uitklaring in beide Afrikaans en Engels aan studente. EBW het voortgegaan om bestaande leermateriaal – wat vóór nood- afstandsonderrig voorberei is – in beide tale beskikbaar te maak. Die aflewertyd vir addisionele materiaal was egter so kort, dat die gevolg was dat slegs Engels gebruik is.

3. Taalgebruik in Onderrig en Leer

Die Fakulteit se TIP vir 2021 word in Tabel 1 (Aanhangsel A) aangedui. Die Fakulteit sal voortgaan om voorgraadse BCom-programme in die volgende taalopsies aan te bied ooreenkomstig die grootte van die groep, asook lesing- en roosterbeperkings: afsonderlike Afrikaanse en Engelse lesings (parallelmedium) (7.1.3 in die US-taalbeleid); Afrikaans en Engels in een klaskamer (dubbelmedium) (7.1.4 in die US-taalbeleid); en, in uitsonderlike gevalle, word sommige modules slegs in Engels of in Afrikaans aangebied (enkelmedium). In laasgenoemde gevalle word 'n tolkdiens voorsien na gelang van behoefte en haalbaarheid (7.1.5 in die US-taalbeleid).

Alle **voorgraadse** modules wat deur die Skool vir Rekeningkunde (SvR) aangebied word, asook die **HonsBRek-**program, word in Engels en Afrikaans aangebied (parallelmedium). Die program **HonsBCom (Bestuursrekeningkunde)** word slegs in Engels aangebied aangesien die professionele eksamen na afloop van die suksesvolle voltooiing van die program slegs in Engels afgelê kan word.

Let daarop dat Inligtingstelsels 112 vanaf 2021 deur die Departement Logistiek aangebied sal word.

Finansiële Rekeningkunde 288 beskik oor twee Afrikaanse groepe (behalwe twee Engelse groepe), maar die aantal studente is te min om twee Afrikaanse groepe te regverdig. Daar word oorweeg om een van die Afrikaanse groepe by een van die Engelse groepe te integreer en van tolkdienste gebruik te maak om die Afrikaanssprekende studente in daardie groep te akkommodeer.

Die HonsBRek en die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde word tans in parallelmedium aangebied – een Engelse en een Afrikaanse groep. Slegs 7% van die derdejaarstudente het aangedui dat hulle Afrikaans klasse verkies in 2021. Dit kan veroorsaak dat die Engelse groep te groot vir een lesingsaal raak en dat dit twee Engelse groepe noodsaak waarvan een tolkdienste aanbied om Afrikaanssprekende studente te akkommodeer.

Verder het die Afrikaanse groepe in BRek- en HonsBRek-modules (en by implikasie die Nagraadse Diplomaprogramme in Rekeningkunde in 2021), veral op tweede- en derdejaarsvlak, reeds sodanig gekrimp dat die volhoubaarheid van aparte groepe institusioneel hersien moet word met betrekking tot taalimplementering vanaf 2022. 'n Moontlike oplossing is om die Afrikaanse studente na een Engelse groep te skuif en intydse tolking in daardie groep te bied. Die studiemateriaal en assesserings sal steeds

in Afrikaans en Engels beskikbaar wees in die afsienbare toekoms. Dit kan moontlik later hersien word, veral op nagraadse vlak, aangesien die professionele SAICA-eksamens vanaf Januarie 2022 slegs in Engels aangebied word.

Soos in die geval van 2020, word alle modules van voorgraadse diplomaprogramme in enkelmedium (Engels) aangebied. Dit word genoodsaak deur die studenteprofiel, aanbiedingsmodus (wat hibriede onderrig en leer insluit), en studentegetalle.

3.1. Moduleveranderings in 2021 as gevolg van programvernuwingsprosesse

3.1.1. Veranderinge aan voorgraadse modules

- **Bedryfsielkunde 152 (6):** Word nie aangebied vanaf 2021 nie.
- **Bedryfsielkunde 244 (12):** Word nie aangebied vanaf 2021 nie.
- **Mensekapitaalberekening 314 (12):** Nuwe module; word aangebied in enkelmedium (Engels met ondersteuning in Afrikaans).
- **Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 312 (12):** Skuif vanaf Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen) na die Departement Bedryfsielkunde. Taalaanbod bly onveranderd.
- **Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 344 (12):** Nuwe module; dieselfde inhoud as Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 312 (12), maar word in die tweede semester aangebied. Taalaanbod is enkelmedium (Engels).
- **Bedryfsielkunde 244 (Spesiaal) (12) & Bedryfsielkunde 354 (Spesiaal) (12):** Afwyking van Taalimplementeringsplan in 2020. Taalaanbod verander van parallelmedium tot enkelmedium in 2021.
- **Ekonomie 288 (32) & Ekonomie 388 (24):** Hierdie modules word tans in beide enkel- en dubbelmedium aangebied. Dit kan egter nie so weergegee word in die Excel-dokument oor taalaanbod nie en moet eerder daar as enkelmedium aangedui word.
- **Inleiding tot Finansiële Rekeningkunde 171 (24):** Word nie aangebied vanaf 2021 nie.
- **Inligtingstelsels 112 (6):** Skuif vanaf die Skool vir Rekeningkunde na die Departement Logistiek. Die taalaanbod verander van parallelmedium (in 2020) na enkelmedium (Engels met addisionele ondersteuning in Afrikaans) vanaf 2021, aangesien die module gebruik maak van die SAM Cengage-sagteware wat slegs in Engels beskikbaar is.
- **Besigheidsanalitiek 318 (24) & Besigheidsanalitiek 348 (24):** Nuwe modules wat aangebied word vanaf 2021. Beide word aangebied in enkelmedium (Engels).
- As gevolg van roosterprobleme moet twee Operasionele Navorsingsmodules van semester verander:

- **Operasionele Navorsing 326 (16) word Operasionele Navorsing 352 (16)** vanaf 2021. Die taalaanbod bly onveranderd (dubbelmedium).
- **Operasionele Navorsing 354 (16) word Operasionele Navorsing 322 (16)** vanaf 2021. Die taalaanbod bly onveranderd (dubbelmedium).

- Alle Logistieke Bestuursmodules is hernoem na **Logistieke en Voorsienings-kettingbestuur.**
- **Finansiële Beplanning 378 (48):** Word nie aangebied vanaf 2021 nie.
- **Finansiële Beplanning 314 (24) & Finansiële Beplanning 344 (24):** Hierdie modules is wel in die EBW-jaarboek van 2019, maar word nie in die Excel-dokument oor taalaanbod weergegee nie. Beide word in parallelmedium aangebied.
- **Datawetenskap 241 (16):** Hierdie module word vanaf 2021 aangebied in enkelmedium (Engels).
- **Aktuariële Wetenskap 326 (24), Aktuariële Wetenskap 346 (24) & Aktuariële Wetenskap 388 (32):** Hierdie modules word nie vanaf 2020 aangebied nie.
- **Statistiek en Datawetenskap 118 (18):** Nuwe module; word aangebied vanaf 2021 in parallelmedium.
- **Statistiese Metodes 176 (18) & Statistiek 186 (18):** Hierdie modules word nie aangebied vanaf 2021 nie.
- **Professionele Kommunikasie vir EBW 144 (6):** Nuwe module wat vanaf 2021 vir EBW deur die Taalsentrum aangebied word in enkelmedium (Engels).

3.1.2. Veranderinge aan nagraadse modules

- Alle nagraadse modules van die **Nagraadse Diploma in Strategiese Menslike Hulpbronbestuur** word in enkelmedium (Engels) aangebied.
- Alle modules van die **Nagraadse Diploma in Rekeningkunde** word in enkelmedium (Engels) aangebied.

4. Administrasie- en bestuurstaal

Besluite rakende die administrasie- en bestuurstaal is op die bevordering van begrip en inklusiwiteit gemik. In die algemeen sluit kommunikasie vir administratiewe doeleindes beide Afrikaans en Engels in, wat impliseer dat alle amptelike, geskrewe dokumente in Afrikaans en Engels sal wees. Kommunikasie met huidige en voornemende studente sal ooreenkomstig die taalvoorkeur van 'n student in Afrikaans of Engels wees. Op nagraadse vlak sal kommunikasie hoofsaaklik in Engels wees. Dit sal egter ook die onderrigtaal van die verskillende departemente weerspieël.

Die taal van e-pos-kommunikasie tussen personeel word nie voorgeskryf nie, maar pogings word

aangewend om te verseker dat kommunikasie in die taal plaasvind wat deur alle ontvangers verstaan word. Dit verminder die vertalingstyd en -koste van e-pos. In vergaderings sal omstandighede en die deelnemers die voertaal bepaal.

5. Kanale vir terugvoer rakende implementering

Studente en personeel kan terugvoer oor die implementering van die taalplan verskaf deur middel van die Fakulteit se bestaande studentestrukture, naamlik die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Studentekomitee (EBSK), asook die fakulteitskomitee. Vir verdere terugvoer gebruik studente die gewone module-terugvoermetodes. In die praktyk rig studente meestal hul taalterugvoer regstreeks aan die dosent of die voorsitter van 'n departement, en gebruik slegs formele kanale indien die kwessie nie opgelos word nie.

6. Ten slotte

Die Taalimplementeringsplan vir 2021 ondersteun die US se Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019 – 2024. Onvoorsiene afwykings van hierdie plan sal in ooreenstemming met die Universiteit se Taalbeleid voorgelê word.

Saam Vorentoe - Masiye Phambili – Forward Together

7. AANHANGSEL A

TABEL 1: Taalaanbod van individuele modules in 2021

Departement	Modulenaam	Jaargang	Onderrigtaal 2020	Krediete 2020	Onderrigtaal 2021	Krediete 2021
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 114	1	PARALLELMEDIUM	12		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 144	1	PARALLELMEDIUM	12		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 152	1	Studente wat geregistreer het vir Bedryfsielkunde 152, volg Bedryfsielkunde 252 se rooster aangesien 152 uitfaseer word.	6	Module word nie aangebied vanaf 2021 nie.	
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 214	2	PARALLELMEDIUM	16		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 224	2	PARALLELMEDIUM	16		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 244	2	Studente wat geregistreer het vir Bedryfsielkunde 244, volg die rooster van Bedryfsielkunde 114, indien Bedryfsielkunde 152 en Bedryfsielkunde 162 geslaag is, aangesien 152 uitfaseer word.	16	Module word nie aangebied vanaf 2021 nie.	

Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 252	2	PARALLELMEDIUM	8		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 262	2	PARALLELMEDIUM	8		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 314	3	ENKELMEDIUM	12		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 324	3	ENKELMEDIUM	12		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 348	3	ENKELMEDIUM	24		
Bedryfsielkunde	Mensekapitaal-berekening 314 (Nuwe module)	3			ENKELMEDIUM	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) 132	1	ENKELMEDIUM	6		
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde (Spesiaal) 244	2	PARALLELMEDIUM Afwyking van 2020-TIP, soos goedgekeur deur Fakulteitsraad: Aangebied in ENKELMEDIUM	12	ENKELMEDIUM	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde (Spesiaal) 354	3	PARALLELMEDIUM Afwyking van 2020-TIP, soos goedgekeur deur Fakulteitsraad: Aangebied in ENKELMEDIUM	12	ENKELMEDIUM	12
Bedryfsielkunde	Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 312	3	ENKELMEDIUM	12		

Bedryfsielkunde	Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 344 (Nuwe module)	3			ENKELMEDIUM	12
Ekonomie	Ekonomie 114	1	PARALLELMEDIUM	12		
Ekonomie	Ekonomie 144	1	PARALLELMEDIUM	12		
Ekonomie	Ekonomie 214	2	DUBBELMEDIUM	16		
Ekonomie	Ekonomie 244	2	DUBBELMEDIUM	16		
Ekonomie	Ekonomie 281	2	DUBBELMEDIUM	32		
Ekonomie	Ekonomie 288	2	DUBBELMEDIUM & ENKELMEDIUM	32	ENKELMEDIUM (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	32
Ekonomie	Ekonomie 318	3	DUBBELMEDIUM	24		
Ekonomie	Ekonomie 348	3	DUBBELMEDIUM	24		
Ekonomie	Ekonomie 381	3	DUBBELMEDIUM	24		
Ekonomie	Ekonomie 388	3	DUBBELMEDIUM & ENKELMEDIUM	24	ENKELMEDIUM (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	24

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Akademiese Geletterdheid vir EBW 111	1	DUBBELMEDIUM (sonder tolking)	12		
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Wiskunde vir EBW 171	1	PARALLELMEDIUM	18		
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Inleiding tot Finansiële Rekeningkunde 171	1	PARALLELMEDIUM	24	Module word nie aangebied vanaf 2021 nie.	
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Inleiding tot Ekonomie 141	1	DUBBELMEDIUM (sonder tolking)	12		
Logistiek	Inligtingstelsels 112	1	PARALLELMEDIUM	6	ENKELMEDIUM	6
Logistiek	Besigheidsanalitiek 214	2	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Besigheidsanalitiek 244	2	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Besigheidsanalitiek 318 (Nuwe module)	3			DUBBELMEDIUM	24
Logistiek	Besigheidsanalitiek 348 (Nuwe module)	3			DUBBELMEDIUM	24
Logistiek	Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144	1	PARALLELMEDIUM	12		
Logistiek	Vervoerekonomie 214	2	DUBBELMEDIUM	16		

Logistiek	Vervoerekonomie 244	2	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Vervoerekonomie 318	3	DUBBELMEDIUM	24		
Logistiek	Vervoerekonomie 348	3	DUBBELMEDIUM	24		
Logistiek	Logistiek en Voorsie-ningskettingbestuur 214	2	ENKELMEDIUM	16		
Logistiek	Logistiek en Voorsie-ningskettingbestuur 244	2	ENKELMEDIUM	16		
Logistiek	Logistiek en Voorsie-ningskettingbestuur 314	3	DUBBELMEDIUM	12		
Logistiek	Logistiek en Voorsie-ningskettingbestuur 324	3	DUBBELMEDIUM	12		
Logistiek	Logistiek en Voorsie-ningskettingbestuur 344	3	DUBBELMEDIUM	12		
Logistiek	Logistiek en Voor-sieningskettingbestuur 354	3	DUBBELMEDIUM	12		
Logistiek	Projekbestuur 314	3	PARALLELMEDIUM	24		
Logistiek	Operasionele Navorsing 214	2	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Operasionele Navorsing 244	2	DUBBELMEDIUM	16		

Logistiek	Operasionele Navorsing 314	3	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Operasionele Navorsing 322 (was Operasionele Navorsing 354)	3			DUBBELMEDIUM	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 326	3	DUBBELMEDIUM	16	Genoem Operasionele Navorsing 352 vanaf 2021	
Logistiek	Operasionele Navorsing 344	3	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Operasionele Navorsing 352 (was Operasionele Navorsing 326)				DUBBELMEDIUM	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 354	3	DUBBELMEDIUM	16	Genoem Operasionele Navorsing 322 vanaf 2021	
Logistiek	Kwantitatiewe Bestuur 214	2	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Kwantitatiewe Bestuur 244	2	DUBBELMEDIUM	16		
Logistiek	Kwantitatiewe Bestuur 318	3	DUBBELMEDIUM	24		
Logistiek	Kwantitatiewe Bestuur 348	3	DUBBELMEDIUM	24		

Ondernemingsbestuur	Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Uitruilsemester 342	3	ENKELMEDIUM	60		
Ondernemingsbestuur	Bemarkingsbestuur 214	2	PARALLELMEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Bemarkingsbestuur 244	2	PARALLELMEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Bemarkingsbestuur 314	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Bemarkingsbestuur 324	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Bemarkingsbestuur 344	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Bemarkingsbestuur 354	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Ondernemingsbestuur 113	1	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Ondernemingsbestuur 142	1	PARALLELMEDIUM	6		
Ondernemingsbestuur	Finansiële Bestuur 214	2	PARALLELMEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Finansiële Bestuur 244	2	PARALLELMEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Finansiële Bestuur 314	3	PARALLELMEDIUM	12		

Ondernemingsbestuur	Finansiële Bestuur 332	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Finansiële Bestuur 352	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Finansiële Bestuur 354	3	PARALLEL MEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Beleggingsbestuur 254	2	PARALLEL MEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Beleggingsbestuur 314	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Beleggingsbestuur 324	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Beleggingsbestuur 344	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Beleggingsbestuur 348	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Beleggingsbestuur 354	3	PARALLELMEDIUM	12		
Ondernemingsbestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214	2	PARALLELMEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244	2	PARALLELMEDIUM	16		
Ondernemingsbestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318	3	PARALLELMEDIUM	24		
Ondernemingsbestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 348	3	PARALLELMEDIUM	24		
Ondernemingsbestuur	Strategiese Bestuur 344	3	PARALLELMEDIUM	12		

Ondernemingsbestuur	Finansiële Beplanning 314 (Was in EBW-jaarboek 2020, maar word eers vanaf 2021 aangebied.)	2			PARALLELMEDIUM	24
Ondernemingsbestuur	Finansiële Beplanning 344 (Was in EBW-jaarboek 2020, maar word eers vanaf 2021 aangebied.)	3			PARALLELMEDIUM	24
Ondernemingsbestuur	Finansiële Beplanning 378	3	Module word nie aangebied vanaf 2020 nie.	48		
Skool vir Publieke Leierskap	Voldoening en Beheer 251	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Kapasiteitsbestuur 171	1	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Kapasiteitsbestuur 271	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Samewerking 182	1	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Samewerking 281	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Prestasiebestuur 191	1	ENKELMEDIUM	20		

Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Prestasiebestuur 291	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Gedrag 142	1	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Gedrag 241	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Aanspreeklikheid 161	1	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Aanspreeklikheid 261	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Finansiële Rekeningkunde 231	2	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Ontwerp 171	1	ENKELMEDIUM	20		
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Ontwerp 271	2	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Kreatiwiteit vir Sosiale Entrepreneurs 171	1	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Wêreldsienings, Etiek en Geloofstelsels 171	1	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Finansiële Rekeningkunde: Ouditering 121	1	ENKELMEDIUM	15		

Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Finansiële Rekeningkunde: AERP 122	1	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Voldoening en Beheer: Begrotingsproses 121	1	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur 122	1	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap 271	2	ENKELMEDIUM	35		
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Entrepreneurskap 271	2	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Ekonomie vir ‘n Groen Ekonomie 171	1	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Globale Volhoubare Perspektiewe 171	1	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Persoonlike Leierskapsontwikkeling 171	1	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Inleiding tot Entrepreneurskap 171	1	ENKELMEDIUM	35		
Skool vir Publieke Leierskap	Beeld en Storievertelling 271	2	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Kaptiaal: Investering en Besteding 271	2	ENKELMEDIUM	10		

Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Impak en Betrokkenheid 271	2	ENKELMEDIUM	15		
Skool vir Publieke Leierskap	Beskawing, Revolusie en Leierskap 271	2	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Ekogeletterdheid vir die 21ste eeu 271	2	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Kompleksiteit, Ekologie en Bestaan 171	1	ENKELMEDIUM	10		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114	1	ENKELMEDIUM	12		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144	1	ENKELMEDIUM	12		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212	2	ENKELMEDIUM	8		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222	2	DUBBELMEDIUM	8		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242	2	DUBBELMEDIUM	8		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252	2	DUBBELMEDIUM	8		

Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314	3	DUBBELMEDIUM	12		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 324	3	DUBBELMEDIUM	12		
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 348	3	DUBBELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 278	2	PARALLELMEDIUM	30		
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 288	2	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 378	3	PARALLELMEDIUM	36		
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 388	3	PARALLELMEDIUM	48		
Skool vir Rekeningkunde	Ouditkunde 288	2	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Ouditkunde 378	3	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Ouditkunde 388	3	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Belasting 298	2	PARALLELMEDIUM	24		

Skool vir Rekeningkunde	Belasting 388	3	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Belasting 399	3	PARALLELMEDIUM	36		
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 178	1	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 188	1	PARALLELMEDIUM	24		
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 278	2	PARALLELMEDIUM	32		
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 288	2	PARALLELMEDIUM	32		
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 379	3	PARALLELMEDIUM	48		
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 389	3	PARALLELMEDIUM	48		
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 114	1	PARALLELMEDIUM	12		
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 144	1	PARALLELMEDIUM	12		
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 152	1	PARALLELMEDIUM	6		
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 214	2	PARALLELMEDIUM	6		

Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 242	2	PARALLELMEDIUM	6		
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 312	3	PARALLELMEDIUM	12		
Skool vir Rekeningkunde	Besigheidsetiek 214	2	PARALLELMEDIUM	8		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek en Datawetenskap 188				PARALLELMEDIUM	18
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 186	1	PARALLELMEDIUM	18	Module word nie aan-gebied vanaf 2021 nie.	
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 214	2	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 224	2	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 244	2	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 318	3	DUBBELMEDIUM	24		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 348	3	DUBBELMEDIUM	24		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiese Metodes 176	1	PARALLELMEDIUM	18	Module word nie aan-gebied vanaf 2021 nie.	
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 214	2	DUBBELMEDIUM	16		

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 245	2	DUBBELMEDIUM	8		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 246	2	DUBBELMEDIUM	8		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 312	3	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 316	3	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 344	3	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 364	3	DUBBELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Renterekening 152	1	PARALLELMEDIUM	6		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 112	1	ENKELMEDIUM	8		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 142	1	ENKELMEDIUM	16		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 211	2	ENKELMEDIUM	18		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 241	2	ENKELMEDIUM	22		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 326	3	Module word nie aangebied vanaf 2020 nie.	24		

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 346	3	Module word nie aangebied vanaf 2020 nie.	24		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 388	3	Module word nie aangebied vanaf 2020 nie.	32		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 311	3	ENKELMEDIUM	24		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 341	3	ENKELMEDIUM	24		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 371	3	ENKELMEDIUM	32		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risiko-bestuur 212	2	DUBBELMEDIUM	8		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risiko-bestuur 242	2	DUBBELMEDIUM	8		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risiko-bestuur 274	2	DUBBELMEDIUM	24	Module word nie aan-gebied vanaf 2021 nie.	
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risiko-bestuur 252	2	DUBBELMEDIUM	6		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risiko-bestuur 314	3	DUBBELMEDIUM	24		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risiko-bestuur 344	3	DUBBELMEDIUM	24		

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144	1	DUBBELMEDIUM	16		16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Ingenieurstatistiek 314	3	DUBBELMEDIUM	15		
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap 141	1	DUBBELMEDIUM	16		16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap 241 (Nuwe module)	2			ENKELMEDIUM	16

Uittreksel uit die Taalbeleid (Alle onderafdelings is van toepassing op die opsies wat in die tabel hierbo aangedui is):

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van albei taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie binne programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing intydse tolking beskikbaar. Gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking op versoek van 'n fakulteit beskikbaar, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings in slegs een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

a. Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US intydse tolking in Engels beskikbaar. Indien die lesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans beskikbaar, en gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking beskikbaar op 'n fakulteit se versoek, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige student van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

b. Benewens lesings, is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels.

7.1.5.3 Waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistente die nodige taalvaardigheid het en instem om dit te doen.